Die Kerk en die **Eerste Duisend Dae**

sikunye

connect • care • thrive

Die kerk het die vermoë om Suid-Afrika daadwerklik te verander,

deur alle kinders te help om vroeg reeds ‘n goeie wegspring te hê.

“Enigiemand wat ‘n klein kindjie soos hierdie namens My ontvang, ontvang My, en enigiemand wat My ontvang, ontvang my Vader wat My gestuur het. Wie die geringste onder julle is, hy is die belangrikste.”

LUK 9:48 (NLV)

Ons, die kerk, het nou die geleentheid om Suid-Afrika op ‘n betekenisvolle wyse te verander deur dit vir alle kinders moontlik te maak om vinnig en gesond uit die blokke te kom.

Ons almal droom van ‘n beter Suid-Afrika met ‘n sterker ekonomie, minder geweld en misdaad, beter onderwys-resultate, ‘n gesonder bevolking, groter gelykheid en ‘n gemeenskap met meer samehorigheid.

Ekonome het bewys dat die heel beste manier om die trajek van ons land te verander is om in die ontwikkeling van kleiner kinders te belê en dit te ondersteun. Hierdie ideaal word die beste bereik deur te fokus op die Eerste Duisend Dae (EDD) van elke kind se lewe. Hierdie periode (vanaf bevrugting tot en met 2 jaar oud) is van kritieke belang in ‘n kind se ontwikkeling.

Ons weet dat 50% van alle kinders in Suid-Afrika (meer as ‘n miljoen jong lewens elke jaar) in uiters ongunstige omstandighede gebore word en grootword; hulle ontbeer dus die koestering, versorging en stimulering wat vir hierdie fase so lewensnoodsaaklik is nie. Dit maak dat hulle uiteindelik nouliks hul God-gegewe potensiaal sal kan verwesenlik. Dit is daarom ‘n groot onreg wat hulle aangedoen word!

Vir kinders om te gedy, is dit noodsaaklik dat hulle grootword binne ‘n gesin wat omgee. En vir gesinne om op ‘n gesonde manier om te gee vir hulle kinders, is dit belangrik om binne ‘n omgee-gemeenskap te funksioneer. Meer as enige ander instansie is die kerk in staat om self so ‘n omgee-gemeenskap te wees, maar dit ook in die breër gemeenskap te help verwesenlik.

Wat kan die kerk doen?

Die Kerk het die potensiaal om "eietydse dorpies" te skep, waarin alle ouers en hulpverleners aktief omarm en ondersteun word, veral gedurende die Eerste Duisend Dae (EDD) van kinders se lewensreis.

Die kerk het die unieke vermoë en mandaat om in liefde na ouers en hulpverleners uit te reik en hulle te help sodat hulle op húlle beurt weer gesonde sorg aan die heel kleinstes kan bied.

Kerkgemeenskappe oor die lengte en breedte van Suid-Afrika meld hulleself aan om EDD-vriendelik te word.

Dit word bereik deur een of meer van die volgende aktiwiteite te inisieer:

- **Begin práát** oor EDD en gee vir Christene die geleentheid om in aanraking te kom met gesinne wat in hierdie stadium van hulle lewens verkeer.
- **Omarm gesinne** en verleen ondersteuning en bemoediging; dit wat geen ander diensverskaffer soos die kerk kan doen nie.
- **Skep warm, verwelkomende en veilige ruimtes,** waarbinne gesinne geborge voel, en kan ervaar dat hulle **behoort.**
- **Bid vir en saam met gesinne:** bid vir seën, veiligheid en geloofsmoed.
- **Rus die ouers en hulpverleners toe** om gesonde sorg te voorsien.
- **Werk saam met ander kerke** en diensverskaffers en ontdek hoe gesinne beter bedien kan word

Saam kan ons in ons land geleenthede skep waarin uitnemendheid sal kan groei en gedy.

Hoekom die Kerk?

Plaaslike gemeentes is al klaar by onderrig en die maak van dissipels betrokke, maar die kerk is ook reeds besig om gesinne te versamel en by die kerklike gemeenskap te betrek. Dit is unieke sterkpunte en bates wat gebruik kan word om gesinne met kleiner kinders doelbewus te versterk.

Beter as enige ander instansie is die kerk landswyd so verspreid en geplaas dat gemeentes met gesinne kan skakel en hulle met sorg kan bedien – sodat kinders kan blom.

• Die kerk is reeds in verbinding en deurlopende gesprek met hele gesinne. Die kerk is 'n gevestigde rolspeler, met 'n betroubare stem in die gemeenskap.

• Die kerk is een van 'n baie klein groepie organisasies wat oor die hele land versprei is en invloed het in selfs die mees landelike gebiede in Suid-Afrika.

• Die kerk het 'n vermenigvuldigingseffek in al die gemeenskappe, soos kerklidmate hulle lewens met mekaar deel, en met hulle wat hulself buitekant die onmiddellike gemeente bevind.

• Die kerk is ook 'n kragtige netwerk van sosiale kapitaal (geld, tyd, informasie, mobiliteit, vaardigheid, ondervinding, aanvaarding en ondersteuning) – alles wat mense nodig het om die lewes van andere te kan help verbeter.

• Die kerk het bó alles 'n doel en roeping wat beslis ook klein kindertjies insluit. Dwarsdeur die hele Bybel lees ons van die Vaderhart van God, dat God uitermate omgee vir kinders. Dit is nie net die grootmense wat uitgenooi word om deel te neem aan God se verhaal van versoening, bevryding en herstel nie.

ONS GELEENTHEID

In 'n onlangse studie* in die Wes-Kaap het 70% kerkleiers laat blyk dat daar geen noemenswaardige kerkaktiwiteite gemik op 0-2 jarige kinders, verwagtende moeders of vir vaders gereël word nie. Die res het rapporteer dat baie min of ongereelde aktiwiteite met die oog op hierdie groep plaasvind. Tog het hierdie selfde leiers ook bevestig dat die kerk 'n uiters vername rol het om in EDD te speel.

*Lundie, R., Hancox, D. & Farrell S. 2018. *The church's role in supporting human development in the first thousand days of life.* KAAPSTAD: Common Good. Beskikbaar by: www.commongood.org.za/earlylife

"Ek is oortuig daarvan dat die plaaslike kerk uniek geposisioneer en toegerus is om 'n betekenisvolle impak te maak in die eerste duisend dae van iemand se lewe. God is besig om 'n baie opwindende paadjie met ons hier by The Bay te loop, en ek glo daar is landwyd geleenthede vir plaaslike gemeentes om hande te vat om die jongste en die mees weerlose te bedien.
Sheldon Kidwell,
The Bay City Church

Hoekom die eerste duisend dae?

Om vroeë kinderjare te ondersteun is so kragtig, omdat:

Dit 'n tyd is van versnelde ontwikkeling, waarin fondamente vir die lewe gelê word
Die ontwikkeling van 'n baba se brein, liggaam en sosiale vaardighede is uiters intensief en van kritieke belang tydens dié vroeëre periode van die menslike lewe. Gedurende hierdie fase maak die brein een miljoen verbindings per sekonde en groei die brein tot 80% van die uiteindelike grootte. Dit is wanneer die grondslag gelê word vir die ontwikkeling van taal, en die eerste treë gegee word op die pad na 'n sosiaal-vaardige volwassenheid waarin die persoon met ander in sinvolle verhouding kan tree en ander kan leer vertrou.

Gedurende hierdie fase word die koers en tempo van iemand se ontwikkeling vasgelê

Hoe hierdie fondamente gelê word, sal bepaal of 'n kind sal floreer en blom, en of daardie kind 'n lewenslange stryd sal hê om te oorleef. Slegs een uit elke twee kinders wat in Suid-Afrika gebore word, se brein sal gedurende vroeë ontwikkeling so ingestem of bedraad word dat dit kan leer, kan groei en sukses kan behaal, terwyl die ander kind, wat heel dikwels in moeilike omstandighede grootword, 'n brein sal hê wat bestem is om net te oorleef. Hierdie kinders het 'n stryd om te leer, hulle sak dikwels vroeg uit die skoolsisteem uit, en in hulle latere lewe kry of behou hulle moeilik 'n werk.

Die goeie nuus is dat ons weet wat gesonde breinontwikkeling ondersteun en aanwakker, asook watter beskermende faktore bestaan wat die risiko's nie slegs trotseer nie, maar selfs temper. Dit beteken dat kinders wat gebore word in ongelukkige omstandighede, steeds die kans het om te gedy.

Wat het alle kinders nodig om welig te blom?

Alle kinders benodig ten minste een liefdevolle, stabiele grootmens in sy/haar lewe, met wie so 'n kind in 'n wederkerige liefdesverhouding kan staan.

'n Ouer wat in 'n noue, gesonde en wedersyds toeganklike liefdes-verbintenis met 'n kind staan, is onontbeerlik vir daardie kind se normale breinontwikkeling. Dit is hierdie responsiewe ouerskap wat 'n kind in staat stel om te ervaar wat dit is om 'gevoed' te voel, wat dit is om mee 'gespeel' te word, wat dit is om mee 'gesels' te word, wat dit is om voor 'gelees' te word, by wie hy/sy 'veiligheid' kan ervaar.

Alle gesinne en families het 'n ondersteunende gemeenskap nodig.

Selfs helderder as ooit tevore blyk dit uit navorsing dat versorgers en ouers wat voel hulle vind aanklank in 'n sekere gemeenskap van sorg en ondersteuning – in 'n eietydse dorpie – baie beter bemagtig is om responsiewe ouers/versorgers te wees.



Die Eerste Duisend Dae
bepaal die gang van die lewe

Sikunye, wat “ons is saam” in isiXhosa beteken, gee uitvoering aan hierdie kollektiewe poging wat van ons verwag word om ‘n jong lewe te kweek, maar dit onderstreep ook die belangrikheid van goeie ondersteunende verhoudings om hierdie taak te kan volbring.

Hoewel ons weet dat ‘n hele dorp nodig is om ‘n kind op te voed, wil Sikunye die kerk inspireer, mobiliseer en toerus om ouers, versorgers en gesinne te ondersteun, om vir hulle kinders in die Eerste Duisend Dae (EDD) van hulle lewe van responsiewe, koesterende sorg te help voorsien, sodat hulle kan gedy en hulle Godgegewe potensiaal kan bereik.

Sikunye is ‘n inisiatief van Common Good – ‘n Suid-Afrikaanse NRO (nie-Regeringsorganisasie) wat geleenthede skep vir hulle wat gemarginaliseer is deur armoede en onreg, om hulle volle, Godgegewe potensiaal te bereik. Dit is ‘n inisiatief om die kerk te betrek en te mobiliseer om aktief betrokke te raak en te doen wat reg is.

Ons skep bewusmaking deur onder andere aanbiedinge te doen oor ons navorsingsresultate, en te gesels oor die rol wat die plaaslike kerk kan en moet speel in die uitreik na en versorging van gesinne sodat kinders kan floreer.

Ons rus kerkleiers en meningsvormers toe om hulle kerke te begelei om meer EDD-vriendelik te word.

Ons bied opleiding vir leiers en vrywilligers, wat spesiaal ontwerp is deur en vir plaaslike kerkgemeenskppe, en wat insluit:

- Kerk-gebaseerde huisbesoek
- Voor- en nageboortelike klasse (in vennootskap met Flourish)
- Ons deel en leen boeke uit (in samewerking met Mikhulu Trust).
- Ons inspireer ons groeiende gemeenskap van kerke, betrokkenes en vrywilligers deur voorstelle te maak en stories te vertel van wat op baie ander plekke reeds met groot sukses uitgevoer is.
- Ons sosiale mediaplatforms en byeenkomste waar storievertelling gefasiliteer word, basuin dit uit hoe groot die moontlikhede en potensaal is waaroor die kerk beskik om ‘n verandering in Suid-Afrika teweeg te bring.

AKTIVEER U KERK

Kom ons vat hande, terwyl ons versorgend uitreik na dié gesinne met kinders in die Eerste Duisend Dae van hulle lewe.

Gaan loer gerus na ons webtuiste by **sikunye.org.za** en leer hoe om jou kerk te aktiveer; jy sal daar ‘n gedetailleerde gids vind hoe om EDD-vriendelik te word.

sikunye

connect • care • thrive

info@sikunye.org.za | 021 2011493

Sikunye is a Common Good initiative